

Sing vooraf: Psalm 122:2 (p. 611)

- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende^{en} broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie,^o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm: Skrifberyming 10-1:1 (28:1)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille^{er}biedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees, / in alles mag geheilig wees.

Gebed

Psalm 119:44 (p. 595)

- 44 HEER, U skif die goddelose, / soos ons skuim skif van metaal,
en verwerp hul; daarom bid ek / dat u liefdeⁱⁿ my mag daal.
As ek dink aan u gestrengheid, / dan meng liefde^{en} vrees deureen;
en ek voel hoedat daar angste / sidder deur my lede heen.

Skriflesing: Lukas 11

Teks: Lukas 11:9-13; Kategismus Sondag 45

En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee; of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?
(Lukas 11:9-13 AFR1953)

Die Here het ons gebedswoordjies nie nodig om God te wees nie – maar ons het sy genade nodig om sy kinders te kan wees en om te kan lewe!

Ons kyk in hierdie preek na twee belangrike aspekte van ons gebedslewe.

1. **God vereis dat ons moet bid.**
2. **Dit is vir ons Christene noodsaaklik om te bid.**

1. God vereis dat ons moet bid.

Hierdie uitspraak van die Here Jesus is belangrik. Luister na presies wat Hy sê:

Bid . . . soek . . . klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want

- **elkeen wat bid, ontvang;**
- **en hy wat soek, vind;**

- **en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.**

Hierdie drie dinge is nie 'n herhaling van dieselfde saak nie. Die Here beskryf hiermee hoe die gelowige se lewe prakties werk. Die basis van ons lewe is dat ons moet bid.

- Ons bid vir verhooring van ons gebede.
- Ons bid vir genade as ons in die nood is.
- Ons gebede prys die lof van God.
- Maar in ons gebede bid ons ook vir die leiding van God die Heilige Gees.

Die Here sal ons gebede wat ons in ware geloof en opregtheid **bid**, natuurlik nie verwerp nie.

- Hy verhoor ons gebede omdat Hy ons liefhet en omdat ons sy kinders is.
- Maar dit beteken nie dat ons nie verantwoordelikheid het wat ons moet nakom nie.

Daarom is die volgende stap: **soek**.

Die Here het nooit gesê dat ons Hom tevergeefs moet soek nie. Hy sê: soek en julle sal vind.

- Soek is die erns wat daar by elke gelowige is om biddend die Woord van God te ondersoek en om dan kennis bymekaar te maak.
- Soek is om die lewe om ons te toets aan die eise van God se Woord.

Die volgende woord is **klop**.

- Dis 'n beeld waarmee die Here vir sy gehoor verduidelik dat daar 'n oomblik van waarheid in jou lewe kom wanneer jy sal weet dat jy deel van die koninkryk van God wil wees.
- Dit beteken natuurlik glad nie dat jy 'n keuse het om te besluit of jy wil ingaan of nie.
- Dit beteken dat jy jou roeping sal verstaan en jou sal gaan voeg waar die Here wil hê dat jy hoort.

In Handeling 10 is daar 'n praktiese voorbeeld hiervan. Kornelius het gebid. Toe verskyn die engel wat hom aansê om Petrus te gaan haal. Dan stuur hy die soldate om Petrus te gaan soek. Toe Petrus by sy huis kom, gaan die soek- en klopproses verder:

... **Ek vra dan om watter rede julle my laat haal het.**

30 En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, en die negende uur het ek in my huis gebid,

31 en meteens staan daar 'n man voor my in 'n blink kleed en sê: Cornelius, jou gebed is verhoor en jou aalmoese is voor God in herinnering gebring.

32 Stuur dan na Joppe en laat Simon haal wat ook Petrus genoem word. Hy vertoef in die huis van Simon, 'n leerlooier, by die see; as hy kom, sal hy met jou spreek.

33 Ek het toe op die daad na u gestuur, en u het goed gedoen om te kom. Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is.

Die antwoord kom wanneer Petrus sê dat hy ook nou sien dat die Here nie 'n Aannemer van die persoon is nie. Hy verkondig dan die verlossing aan hulle.

Dan word die hele ding wat met gebed begin het, afgerond:

- Hierdie heidene hoort ook by die Here.

- Hulle ontvang ook die gawe van die Heilige Gees.
- Hulle word ook gedoop en ingelyf in die kerk van die Here.

Wat nou? Nou kon hierdie mense God dank vir sy genade. Die gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheid.

Hierdie stuk geskiedenis van Kornelius en sy huis onderstreep een saak wat die gebed raak, baie skerp:

- Ons gebede mag nie net lippewoorde wees nie.
- Dit moet die oorgawe en die beweging van my hart na God toe wees.

2. Dit is vir ons Christene noodsaaklik om te bid.

Ons hoef net te gaan kyk wat die Bybel openbaar van mense wat naby God gelewe het, se gebedslewe.

- Elke keer wanneer Abraham by 'n plek aangekom het, was die eerste ding wat hy gedoen het dat hy 'n altaar gebou het. 'n Bidplek.
- Daniël het geweet sy lewe is in gevaar, maar hy het gaan bid! Hy sterf liever as dat sy persoonlike gebedsoming met God deurgesny word.

Enige ware gelowige besef dat ons vir alles wat ons is en het van God afhanklik is.

- Dit sluit ons fisiese en geestelike bestaan volledig in:
 - Daar kan geen seën op ons fisiese lewe wees nie, en
 - ook geen geestelike godsalige lewe as die Here se seën dit nie moontlik maak nie.

'n Christen besef dat sy hele lewe bepaal word deur sy verlossing in die Here Jesus Christus. God die Heilige Gees laat hom dit besef.

Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
(Kolossense 3:3 AFR1953)

Verder vereis ons daaglikse nood dat ons moet bid en smeeke – soms volhardend vir jare aanmekaar moet bid en smeeke oor iets wat die Here op ons pad bring.

Watse soort nood beleef ons?

- Ons moet bid vir die genade dat al ons verskriklike sondes ons deur God vergewe word.
- Ons ervaar in hierdie moderne tyd waarin ons leef 'n onmeetbare nood dat God die Heilige Gees ons moet help dat ons kan bly glo! Daar is nou soveel dinge wat geloof in God belaglik maak – met sogenaamde bewyse van alle slag en stoot.
- Ons nood is dat ons moet bly hoop op die wederkoms en die herskepping en ons toetrede tot die ewige lewe – en dat hierdie ingang sal wees met ons totale herskepte menswees.
- Ons nood is om van ons angs en vrees ontslae te raak. Die hele lewe raak 'n bedreiging:
 - Ons veiligheid raak bedreig.
 - Ons poste by die werk raak bedreig.
 - Dwelms, drank en wat alles nog bedreig ons en ons kinders.
- Ons ervaar 'n geweldige nood daaraan dat ons 'n blywende vrede wil hê.

Ons wat almal uitverkore is, het 'n diep drang na die inwoning van God die Heilige Gees in ons.

- Daardie nood wat ons ervaar, is omdat ons die gebrek aan heiligheid beleef.
- Ons besef hoe onwaardig en onvolmaak ons in ons wese is!
- Op die geestelike vlak is ons in die nood omdat ons baie keer nie kan onderskei wat die dinge is wat vir God saak maak nie.

Ons wêreld is daarop gerig dat mense hulleself opblaas en dat alles oor hulleself gaan – in dieselfde wêreld stuur die Here ons om nederig en om diensknegte te wees. Ons geloof skreeu teen die hele samelewing in.

Daarom moet ons hierdie gawe – die genadegawe om te mag en te moet bid – voluit benut.

- Ons het deur die versoening van ons Here Jesus Christus direkte toegang na God en sy troon toe.
- Die bewys daarvan is die voorhangsel wat geskeur het om simbolies hierdie vrye toegang na God se troon toe openlik te waarborg.

Bid is dus ons totale omgang met die Here.

- Ons moet tydig en ontydig bid. Ons moet elke oomblik wat ons kan, met God in gesprek wees.
- Onthou die saak waaroor die profeet Jeremia eenkeer gebid het:

Stort u grimmigheid uit oor die nasies wat U nie ken nie, en oor die geslagte wat u Naam nie aanroep nie; (Jeremia 10:25 AFR1953)

Kom ons lees wat van die gebed in ons belydenis opgeskryf is. Ons lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 45:

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).

(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13;16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).

(a) Jak 1:17; Matt 6:33.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed? – Ons gaan die gebed as slotgebed vir die dag bid.

Amen.

Slotgebed

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid.

Amen.

Skrifberyming 14-3:4 (nuut)

4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smeek.
Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,
geheimenisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 15 November 2009

Gereformeerde Kerk Clanwilliam: 16 Februarie 2014